Electronic Silo Certificates

Gereed vir wat oppad is?
Is U in die elektroniese graan netwerk?
“Electronic Silo Certificates”

Deelnemende innoverende silo operateurs kan elektroniese silosertifikate aan die eienaars van graan uitreik om konfidensieel hanteer te word, soortgelyk aan internet bankdienste.

Die netwerk wys ‘n toenemende groei. Vooruitgaande silo operateurs insluitend Senwes, Afgri en NWK reik tans elektroniese silosertifikate vir koring, mielies, soja en sonneblom uit. Die netwerk sluit die vernaamste banke, vooruitstrewende handelaars en Safex in. Die belangrike geregistreerde deelnemers is gelys op die webtuiste (www.silocerts.co.za). Silosertifikate kan aangevra word in ‘n elektroniese formaat. Die elektroniese sertifikaat word outomaties in ‘n veilige bestuurstelsel aangeteken, waar eienaars hulle individuele sertifikate kan hanteer op ‘n manier soortgelyk aan internet bankdienste. Soos internet bankdienste is dit onmiddellik, veilig en doeltreffend met gebruikers wat slegs hul eie rekening kan sien. Daar is ook ‘n telefoniese verhandeling fasiliteit vir graan eienaars sonder internet toegang beskikbaar. Die kliënt se rekening beheer alle elektroniese sertifikate in een plek vanaf alle deelnemende silo operateurs.

Die register word onafhanklik van enige rolspeler in die bedryf bestuur en vertroulikheid word gewaarborg deurdat alleenlik die eienaar toegang en beheer oor sy eie sertifikate het. Dit is nie ‘n platform vir verhandeling nie, maar ‘n veilige elektroniese omgewing wat geskep word vir die eienaarskap van silosertifikate asook die beheer van veranderings in eienaarskap daarvan sowel as die verbintenis met graan deelnemers.

Voordele

- Silosertifikaat eienaarskap word dadelik oorgedra – dit is akkuraat en veilig
- Verbeterde administratiewe vaardigheid
  – Skakel tydverwante vertragings uit
  – Verbeterde beheer-omgewing
- Verlaagde risiko van bedrog
- Bestuur/beheer van verdelings, fisiese lewerings versoeke, beswarings vir leningsekuriteit –onmiddellik
- Geen transaksie kostes en kostes tradisioneel geassosieer met papier sertifikate soos koerier fooie
- Omvattende verslaggewing en bestuurs informasie vermoë, inkluis eksporte na Microsoft Excel
- Register bied intydse inligting met verskeie navraagopsies
- Fisiese sertifikate, met intydse rekonsiliasie en verslaggewing is dadelik beskikbaar
- Bestuur veelvoudige personeel met toegang, aktiwiteit en besigtigingsregte wat ‘n inisieerder en bemagtiger profiel insluit
- Ten volle oudit-naspeurbaar
- Die vermoë om telefonies te verhandel.

Gebruikersgidse, vrae wat dikwels gevra word en “Hoe om te…”-reekse is alles beskikbaar by **www.silocerts.co.za** of **www.esc.co.za**. Die stelsel is tot die beskikking van alle bedryfsdeelnemers, ongeag van grootte of ligging. ’n Eenmalige koste word gehef deur ESC aan die silo eienaar per sertifikaat en vir deelnemers is daar geen addisionele stelsel- of aansluitingsfooie nie asook geen transaksie fooie vir oordrae. Dit sluit oordrae tussen eienaars van sertifikate in, van en na die silo operateur, die banke en Safex.

VRAE WAT DIKWELS GEVRA WORD

VERDERE INLIGTING

Volledige besonderhede is beskikbaar by
www.silocerts.co.za

Rig navrae aan:
support@silocerts.co.za

Telefoniese dienssentrum
+27 (0) 11 797 5591

Wat is elektroniese sertifikate?
Dit lyk presies soos papier sertifikate maar dit word in ‘n elektroniese rekening onderhou.

Kan ek dit as ‘n drukstuk kry?
Ja, dit kan besigtig word, uitgedruk word, per e-pos en per faks versend word - dit lyk presies soos die papier sertifikaat, hoewel die uitgedrukte weergawe nie verhandelbaar is nie.

Hoe vertroulik en veilig is dit?
Baie! Die stelsel word onafhanklik deur die Exordia Divisie van PricewaterhouseCoopers bestuur en alle inligting is vertroulik. Selfs nie eers silo eienaars kan die sertifikaateienaar se besonderhede besigtig nie.

Wie kan die sisteem gebruik?
Die sisteem is oop vir gebruik deur alle silo eienaars wat geregistreer het en alle partye wat silosertifikate gebruik, insluitend makelaars, handelaars en verwerkers (‘n deelnemer lys is beskikbaar op die webtuiste). Dit is ‘n industrie platvorm wat vir die hele graan industrie beskikbaar is.

Hoe kry ek toegang tot ESC?
Deur die internet by **www.silocerts.co.za** of by **www.esc.co.za**.

Wat as ek nie toegang tot die internet het nie?
Dikwels kan makelaars aangestel word as ‘n agent op ‘n rekening of die silo eienaars se fasiliteite kan gebruik word. Binnekort oppad is ‘n telefoniese handel vermoë. Daar is ook ‘n telefoniese verhandeling funksionaliteit beskikbaar.

Wat is die kostes?
ESC hef geen kostes aan deelnemers nie maar hef ‘n per sertifikaat koste aan die silo operateur. Die uitreikings koste word gehef deur die individuele silo operateurs. Daar is geen gebruiker- of registrasie koste nie asook geen transaksie fooi nie.

Hoe ingewikkeld is die stelsel?
Dit is ‘n gebruikersvriendelike stelsel met begeleide “Hoe om te…” gidse – ‘n gebruiker kan normaalwerg binne 15 minute werksaam wees.

Wat bied die stelsel my nog?
Dit kan kollateraalsekuriteit vir lenings behartig, asook sertifikaatverdelings, kansellasie – aanvrae en terugboek na silo eienaars vir fisiese lewerings. Eienaars kan besigtigingsregte aan ander partye gee. Dié veilige register kan volledige verslagdoening verskaf en eksporte na Microsoft Excel, met die druk van ‘n knoppie.

Intyds?
Ja, geen rekonsiliasie van sertifikate, geen koeriers, geen tydverwante vertragings vir geldoordrae of transaksies wat vir die verplasing van papiersertifikate moet wag nie, geen verlore sertifikate nie, geen meer versoeke vir silo eienaars se bevestigings nie. Volkome intydse beheer.

Hoe bereik ek die register?
Deur die internet by **www.silocerts.co.za** of by **www.esc.co.za**.

Hoe maak ek ‘n rekening oop?
Rekening aansoekvorms is beskikbaar by **www.silocerts.co.za** of skakel 011 797-5591.

Hoe teken ek aan op die webblad?
Kies die “Login”– skakel op die webblad en sleutel ‘n gebruikersnaam, wagwoord en pin in.

Goed, ek het aangeteken wat is volgende?
Die stelsel is baie eenvoudig. Al u sertifikate vanaf die onderskeie deelnemende silos sal outomaties op ‘n enkel lys verskyn, met die opgesomde sertifikaat besonderhede wat aangedui word. Om die werklike sertifikaat te besigtig, druk op die “Sertifikaat Besonderhede”– skakel en die sertifikaat sal verskyn wat sal lyk soos die papiersertifikaat waaraan jy gewoond is. Dit kan dan uitgedruk, per e-pos versend word, ens.

Hoe analiseer ek my sertifikate?
Die register plaas die sertifikate outomaties onder verskillende opskrifte (bv. sertifikate besit, beswaar, aanvraag op lewering, ens). Deur die “Sertifikaat Analiseerder”- opsie te selekteer, kan jy eletroniese sertifikate van alle silos ontleed word volgens silo eienaar, silo ligging, produk, graad, aangekoop vanaf watter party, aankoopdatum, bergingstipe (daagliks of jaarliks) of deur kombinasies van die bogenoemde kriteria… werklike en intydse bestuursverslae.

Hoe dra ek eienaarskap aan iemand anders oor?
Selekteer die sertifikate wat jy wil oordra, kies die “Oordrag Uit” – opsie en verskaf die inligting rakende wie dit moet ontvang en hoekom (oordrag van eienaarskap, beswaring, leweringsversoek, ens.) en druk “Stuur”. Die sertifikaat sal “hangende” wees afwagtend vir die teenparty se aanvaarding van die eienaarskap (jy kan die tydsduur vasstel waarin die aanvaarding moet geskied).

Hoe aanvaar ek eienaarskap van ‘n sertifikaat wat ek wil aankoop?
Kies die “Oordrag In”-opsie en dui aan watter sertifikate en van wie die sertifikate gekoop gaan word. Indien die “Oordrag Uit” en jou “Oordrag In” se besonderhede ooreenstem, word eienaarskap verander, die register en oudit kontrole word dadelik op datum gebring en automatiese e-pos bevestigings aan alle betrokke partye gestuur.

Ek het verskeie werknemers wat toegang tot die stelsel sal benodig?
Elke rekening kan verskeie gebruikers met ‘n unieke profiel en wagwoord hê. Hulle kan slegs ‘n besigtigings status hê of die vermoë om veranderings te maak. Individuele werknemers kan inligting vir ouditdoeleindes van die stelsel aftrek.

Is die ABC’s regtig só eenvoudig? Ja